# Kom ons Speel

KATRINA LEWIE
**Bibliotekaris, Dysselsdorp Openbare Biblioteek**

Dysselsdorp is 'n klein plattelandse dorpie gekenmerk deur werkloosheid en armoede. Hierdie dorpie het sy ontstaan meer as 162 jaar gelede gekry deur die Londense Sendinggenootskap wat hier aangedoen het om die veewagters geestelik te kom opvoed. Later jare het die onderrig ook in ander fasette bygekom en so het die dorpie gegroei. Vandag beskik die dorp oor drie laerskole en een hoërskool met vyf kleuterskole.

Nou, 162 jaar later, word onderrig met behulp van speelmateriaal in en uit die klaskamer verder gevoer danksy die finansiële hulp van Stigting Lindenhof, Madurodam, vanuit Nederland en die Rotariërs distrik 9350, Suid-Afrika, met die oprigting van 'n speelgoedbiblioteek.

Kan hierdie dorpie spog met die uniekheid van 'n speelgoedbiblioteek binne die openbare biblioteek, want dit is die eerste openbare speelgoedbiblioteek in die ganse Suid-Kaap en spesifiek die Klein Karoo?

Vir my as bibliotekaris voel dit soos gister toe ek op 11 November 2003 'n telefoonoproep van die stadsbibliotekaris van Oudtshoorn kry wat van my wou weet wat die moontlikheid is om 'n speelgoedbiblioteek in Dysselsdorp te begin. Ek het onmiddellik met Paula van Vijfeijken in verbinding getree en haar meegedeel dat ek die uitdaging aanvaar.

Min het ek geweet wat die logistiek agter so 'n projek sou behels. Verslae en statistiek moes verkry en geskryf word oor die dorp, dae en ure se beplanning oor uitleg, hantering, voorbereiding en aankoop van geskikte speelmateriaal, begrotings en skryf van 'n konstitusie, opstel van 'n trustakte dokument en talle vergaderings met kleuterskoolonderwysers het gevolg.







*Bo: Graad R leerders besig om te speel terwyl Katrina Lewie(links) en Sophia Arries (kleuterskoolonderwyseres) toekyk*

*Heel bo: Kinders baljaar opgewonde op 'n springkasteel wat deel was van die dag se aktiwiteite*

*Bo links: Paula van Vijfeijken lewer 'n toespraak tydens die openingseremonie met trompoppies in die agtergrond*

Na een jaar en ses maande is maande se harde werk agter die skerms afgehandel en is die De Vijfeijken Speelgoedbiblioteek amptelik in Mei 2005 geopen en in gebruik geneem.

Bykans 400 verskillende items speelmateriaal is aangekoop. Elke stukkie moes genommer word, en instruksiekaarte geskryf en gelamineer word. Drasakke vir die speelmateriaal moes gemaak word. Met die hulp van Juliana Booysen (arbeidsterapeut) en haar kollega, me Abrahams, se hulp is al die kaarte geskryf, genommer en gelamineer. Die twee dames het nagte lank gewerk om elke liewe stukkie materiaal te merk en te nommer terwyl ekself en Paula verantwoordelik was vir die rangskikking van die materiaal binne die biblioteek.

De Vijfeijken Speelgoedbiblioteek, vernoem na Paula van Vijfeijken wat die grondwerk gedoen het vir die totstandkoming van die speelgoedbiblioteek en ook met die borge in Nederland onderhandel het, word bestuur deur 'n komitee en trustlede.

Die Speelgoedbiblioteek bedien vyf kleuterskole en drie laerskole in die gemeenskap met 'n bevolking van ongeveer 15 000 inwoners. Skole betaal 'n registrasiefooi van R20 en kan dan tien speletjies op 'n keer uitneem.

Die Speelgoedbiblioteek is Maandae en Woensdae van 11:00vm tot 13:00nm oop. Dit word verkies dat kinders onder toesig die biblioteek besoek.

As bibliotekaris kan ek net uitsien na 'n lang en voorspoedige bestaan vir die Speelgoedbiblioteek en die entoesiasme van die ouers en opgewondenheid van die kleuters is reeds voldoende vergoeding vir al die harde werk.

### Trustlede

Paula van Vijfeijken - afgetrede bibliotekaris

Juliana Booysen - arbeidsterapeut

Katrina Lewie - bibliotekaris.

### Komiteelede

Rachell Rossouw - voorsitter (kleuterskoolonderwyser)

Peter Wahinggreen - ondervoorsitter

Sophia Arries - sekretaris (kleuterskoolonderwyser)

Beverley Prins - kassier (kleuterskoolonderwyser).